



INTERNASIONALE KINDERDAG

Kinderregte moet ook realiseer

Terwyl Internasionale Kinderdag Woensdag gevier is, is daar miljoene kinders in Suid-Afrika wie se grondwetlike regte maar net woorde op papier is. **MARIANNE STRYDOM bekyk die saak.**

Internasionale Kinderdag word sedert 1954 jaarliks op 20 November gevier. Aangesien dié dag primêr ingestel is om die welsyn van kinders te bevorder, word daar sterk klem geplaas op die bevordering en die bewusmaking van kinderregte. Die feit dat kinders regte het en hulle bewus is daarvan, beteken egter nie dat daardie regte vir hulle realiseer nie.

In Suid-Afrika kan baie kinders bewus wees van hul regte

omdat dit deel van die skoolkurrikulum is. Maar in hul daaglikse omstandighede maak die feit dat hulle bewus is van hul regte dikwels nie veel verskil aan hul realiteit nie.

Een van hierdie realiteite is armoede. Ongeveer 14 miljoen kinders in Suid-Afrika leef in armoede. Hoewel 'n groot aantal van dié kinders 'n toelaag ontvang, is dit belangrik om te onthou dat hierdie toelaag slegs R430 per maand is en net uitbe-

taal word aan huishoudings waar die inkomste minder as R4 000 per maand vir enkelouers is, en R8 000 as albei ouers in die huishouding is.

Armoede hou veral verband met werkloosheid, wat 'n verdere realiteit vir Suid-Afrikaanse kinders is. Ongeveer 'n derde van die lewensvat meer as 19 miljoen kinders in die land bly in huishoudings waar geen volwasse 'n vaste werk het nie. Dus in 'n huishouding waar daar geen inkomste is nie, of waar die enigste inkomste die kinder-toelaag is.

Oor hierdie omstandighede het kinders min beheer, en is hulle meer as vyf miljoen kinders aan hongergerwante siektes. Dit ten spyte van hul konstitusionele reg tot basiese voeding.

'n Belangrike argument vir kinderregte is dat kinders spesiale beskerming benodig omdat



Ongeveer 14 miljoen kinders in Suid-Afrika leef in armoede.

hulle van die kwesbaarste lede van die samelewing is as gevolg van hul afhanklikheid vir sorg en beskerming van ouers of familie.

Indien familieversorging misluk, moet die staat die verantwoordelikheid oorneem. Kinders het nie net 'n konstitusionele reg tot versorging in hul gesin, of familie nie, maar ook tot toepaslike alternatiewe versorging as familieversorging misluk. Voorts het die kind die

reg tot maatskaplike dienste.

Armoede en werkloosheid hou sterk verband met die verwaarloosing van kinders. Kinders het ook die reg om beskerm te word teen enige vorm van verwaarloosing, mishandeling en vernedering. Statistieke oor kinderverwaarloosing in Suid-Afrika is hoog, wat dui op 'n behoefte, asook die reg tot maatskaplike dienslewering.

Die kind se reg tot maatskaplike dienste word egter beïnvloed deur strukturele uitdagings in die welsynsektor. Welsynsorganisasies ervaar veral uitdagings soos die gebrek aan voertuie om die omstandighede van kinders en gesinne te assesser, te min personeel, asook gebrekkige bronne in gemeenskappe.

Hierdie uitdagings het tot gevolg dat min voorkomende dienste gelewer word, wat beteken

dat kinders uit hul gesinne verwyder moet word en in alternatiewe versorging geplaas moet word, soos byvoorbeeld pleegsorg.

Kinders se konstitusionele reg tot maatskaplike dienste en die reg tot ouerlike versorging is dus nie altyd haalbaar nie. In die praktyk beteken die kind se reg tot versorging in die gesin en die lewering van dienste om gesinsustandhouding te bevorder, veel eerder dat die kind se reg tot maatskaplike dienste realiseer in die reg tot alternatiewe versorging.

Die kind kan dus verwyder word weens die strukturele uitdagings wat in welsynsorganisasies en gemeenskappe bestaan – 'n stap wat geweldige trauma vir die kind veroorsaak.

Die datum 20 November is belangrik omdat dit die dag is waarop die Verenigde Nasies

die Verklaring vir die Regte van die Kind in 1959 aanvaar het, asook die Konvensie vir die Regte van die Kind in 1989.

Dit is belangrik dat ons Kinderdag vier omdat kinders, veral al dié onder die ouderdom van ses jaar, baie min mag het om self hul regte te laat realiseer (soos om byvoorbeeld nie honger te wess nie) sonder die volle ondersteuning van die staat.

Suid-Afrika het die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind onderteken. Dit beteken dat die staat verplig is om die basiese regte van alle kinders in Suid-Afrika te beskerm.

Ons het egter nog 'n lang pad om te stap voor dit 'n werklikheid word.

Dr. Marianne Strydom is 'n senior lektor in die departement maatskaplike werk aan die Universiteit Stellenbosch.



This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

